# Jou Wonderlike Ding

“Vir wat moet ons nou weer dorp toe gaan?” Sy metgesel kla reeds. “Dis al amper skemer, nou moet ons sandale afpak in die stof. Net omdat hy weer dors is.”

“Wag nou, Amos.” Ethan skerm benoud. “Jy moet sagter praat. Jy weet die meester kan goeters hoor.” Hy kyk benoud oor sy skouer. Die pad is stofferig en leeg. Hy sug verlig. Mens kan nie te versigtig wees nie.

“Sy alie man.” Amos laat hom nie so maklik van stryk bring nie. “Hy suip te veel. Nou moet ons nog wyn gaan koop.” Hy klap die donkie hard op die boud. “En nogal met die steeks ding.”

“Los die donkie! Moenie dit doen nie!” Ethan voel dadelik verleë. “Ek bedoel, jy weet partykeer raak hulle nog meer steeks. Ek sal haar hanteer.”

Amos loop voor Ethan in. Hy gryp die rowwe tou wat om die donkie se kop gebind is. Gee ‘n harde trek en tot sy verligting loop die donkie gedwee agter hom aan. Hy vermy oog kontak met die donkie. Kyk stip vorentoe. Sy nekhare rys.

“Daai kastige towenaar se kragte is net alles kulkuns.” Ethan skud sy kop. “Hy maak almal bang met sy kamtige vloeke. Ek is nie ‘n swaap nie. Dis alles oëverblindery.”

Amos probeer die onderwerk verander. “Kyk daar onder is die dorp. Ons is amper daar.”

“Maar ek moet sê, hy maak goeie geld. Almal is bang vir hom. Kom van heinde en verre om sy raad op te soek.” Hy gooi sy arms dramaties in die lug. “Dan doen hy ‘n offer. Ons moet natuurlik die vuur maak. Hy daal nie so laag nie. Dan prewel hy paar woorde. Kyk na die voëls in die lug. Mompel paar woorde.”

Hy lag so hard dat hy stop en sy arms gebukkend op sy knie sit. “Dan skielik praat hy allerhande tale. Dan is die vloek gedoen.” Hy waai sy vinger. “Daai toertjies kan ander mense bang praat. Maar nie vir ou Ethan nie. Ek is nie gister gebore nie.”

Amos bly eerder stil. Miskien sal Ethan sy deuntjie verander. Die donkie loop tot sy verligting heel gehoorsaam agter hom aan.

“Hy is geen towenaar nie.” Ethan vang spoed. “Ek kan dit ook doen. Gee my net die uitrusting, die hoed en die indrukwekkende huis opset. Dan toor en vloek ek gou-gou nog ‘n paar huigelaars uit hulle goue munte.”

Amos luister nie meer nie. Hy het ander probleme. Die donkie loop stadiger en gaan staan. Hy trek aan die tou. Maar hy kan netsowel berg Ararat probeer skuif, terwyl Noag en die ark dit bo-op vassit. Verdomp.

“Wat gaan nou aan met die donkie?”

“Nee niks nie.” Amos skerm bekommerd. “Ek het ‘n klip in my sandaal. Kom ons sit eers hier onder die boom. Gee my net ‘n oomblik om dit reg te maak.” Hy loop kruppel na die olyfboom en gaan sit met ‘n kreun en vroetel aan sy sandaal rympies.

Ethan kyk van hom na die donkie. Gee dan moed op en plak homself met ‘n groot steun langs hom neer. Die suur reuk van Ethan se asem laat Amos na sy asem snak. Dit bevestig sy vermoedens.

Hy vererg hom. Hy neem ook hier en daar ‘n teug as hy nie moet nie, of ‘n skaap stukkie as daar oorbly. Maar mens moet mos weet hoeveel en wanneer. As jy te kwaai gaps, gaan die meester snuf in die neus kry. Die swaap gaan hulle almal in gevaar stel met sy oordrewe stelery.

“Jy weet, Ethan.” Miskien moet hy die knaap bietjie laat skrik. “Ek het al gesien wat gebeur as die meester ‘n vloek uitspreek. Ek behoort al lank aan hom. Kom ek vertel jou ‘n storie.”

Hy hou die donkie dop. Die staan nog net so doodstil in die pad. Staar reguit vorentoe. Verroer nie ‘n poot nie. Sy nekhare rys.

Ethan sug net. “Ek is moeg. Laat ek bietjie sit. Vertel maar jou storie.”

Amos laat sy gedagtes teruggaan.

***

Amos was doodmoeg teen die middag. Hy het die hele dag die voorbereiding gedoen. Soos ‘n slaaf gewerk. OK, hy is ‘n slaaf. Maar nog steeds. Eindelik was alles net reg. Hy ken sy werk. En hy is nie lus vir nog ‘n sweep pakslae nie.

Hy bewonder die tafels met kos, die wyn kraffies en die groot vuur met trots. Die meester kom oordrewe uit die groot tent en kyk krities rond. “Amos. Hierdie is mooi. Goeie werk. Roep die ander.” Sy gewaad spog met helder groen en rooi kleure. Hooftooisel soos die toring van Babel. Die goud inweefsels blink in die middagson.

Amos hardloop agter die tent in en wink die hele gespuis nader. Die gereelde klomp bedelaars uit die dorp. Hard gewas en geskrop by die fontein. Die nuwe klere laat selfs die spul indrukwekkend lyk. Hy skop en stoot hulle in plek.

“Soontoe! Werk nou saam. Julle ken mos die storie.” Helfte links van die meester, ander klomp regs. Hy neem sy plek in agter die meester. “Alles is reg, Meester”. Voor hom strek die halfmaan van mense met die Meester wat blink soos die son in die middel. Hy gooi die sagte bokvel voor die meester se voete neer.

Net betyds. Die binnehof se hekke swaai oop. Selfs die twee hekwagte lyk formidabel. Die leer uitrustings, blink swaarde en lang spiese laat hulle gevaarlik voorkom. Hy glimlag onwillekeurig. As die besoekers net moet weet hoe pateties die twee regtig is.

Die besoekers loop flink die binnehof binne. Soldate in gelid. Die offisier praat sag maar hulle gehoorsaam instinktief. Regte soldate. Dan volg die hoofkarakter. Die diplomaat se swart toga wapper in die ligte somerwind. Hy stop sy wit perd naby die meester. Kyk rustig rond en lig dan sy hand.

Die meester knik sy kop. In Amos se lyn van werk het hy al baie belangrike mense gesien. Hy is al ‘n paar keer verkoop. Van een grootkop na die ander. Daarom waardeer hy die meester se kopknik. Dit is nie te veel om te probeer belangrik wees nie. Ook nie te min om aanstoot te gee nie. Net genoeg om gesag af te dwing. Maar ook om te erken die besoeker is belangrik.

Die diplomaat kyk en wag. Die meester staan doodstil. Amos hou die gefassineerde danspassies fyn dop. Twee bulle wat mekaar probeer ontsenu. Amos weet uit ondervinding die meester gaan wen. Dit is sy tuisveld, hulle kom na sy plek. Hulle soek ‘n vloek van hom.

Na ‘n ruk sug die diplomaat. Hy knik sy kop na die offisier. Drie soldate tree na vore en gooi elkeen ‘n leersak se munte op die bokvel voor die meester se voete. Die goud skitter in die sonlig. Die meester staan stil. Die stilte strek. Die meester se vingers klap saggies.

Amos is gereed. Hy hou van die deel van die gedoente. Tyd vir sy toneelspel. Hy tree stadig na vore. “Die prys is ses sakke goud. Julle weet dit. Die prins het dit aanvaar.” Hy tree statig agteruit. Die meester laat hom elke dag oefen. Amos weet sy grootste fout sal wees om te vinnig te beweeg, oorhaastig te lyk. Hy is trots op sy standvastige stemtoon. Dit vat talent.

Niemand beweeg nie. Amos kan sien een van die hekwagte swaai onvas rond op sy voete. As die swaap nou inmekaar sak, dan sal Amos alweer vanmiddag nog ‘n graf moet grawe. In die hitte en die harde grond. Hy probeer die man aangluur oor die meester se skouer.

Gelukkig gee die diplomaat eerste bes. Hy grom en nog drie soldate kom na vore. Die goud verdubbel. Amos slaak ‘n sug van verligting.

Die meester hou sy linkerarm uit. Amos gryp die swaar hout staaf en sit dit in die meester se uitgestrekte hand. Soos altyd is die staaf yskoud en ‘n rilling hardloop langs sy ruggraat af. Hy klap sy hande twee keer en die hekwagte en die diensknegte sak almal neer in die sand. Hy volg en kyk stip af in die warm sand.

Die meester prewel eers sagkens, tog onheilspellend. Geleidelik rys sy stem soos ‘n ongesuurde brood. Amos voel die wind aan sy klere trek, eers sagkens maar dan harder tot dit wapper. Wolke trek voor die son en skaduwees dryf oor die soldate se verskrikte gesigte. Die meester se stem is meteens donderweer hard. Die diplomaat se perd staan op sy agterpote. Hy bly net-net in die saal. Die wind waai stof in die soldate se gesigte.

Die doodse stilte daal neer op die binnehof. Die soldate vryf hulle oë. Die diplomaat kry sy perd onder beheer. Die halfmaan mense is nou diep gebuig. Amos spring op en gryp die staaf. Dit is vuurwarm en brand sy hard geëelte hand. Hy sit dit vinnig op sy rusplek.

Die diplomaat jaag uit by die hek. Die offisier en soldate volg vinnig. Heelwat minder georden as met die intrede. Die hekwagte spring op en stoot die hek toe. Die halfmaan drommels bly op die grond, te bang om op te kyk.

Die meester wankel. Amos vat hom ferm aan die elmboog en lei hom na die tent. Hy weet uit ondervinding. Nie te stewig nie. Dit sal impliseer die meester het hulp nodig. Maar te sag en die towenaar val in die stof. Dit sal ook nie deug nie.

Dan betaal en verjaag hy die gepeupel. Die hekwagte kry ‘n stywe dop. Of drie.

Van agter die kombuis loer die slavinne na die hele gedoente. Leila is ook tussen hulle en sy gee vir hom ‘n mooi glimlag. Sy hart bons rond. So naby maar tog so ver. Vir nou is sy buite sy bereik, die meester sal hom nooit dit toelaat nie.

Die staaf laat hy vir eers net daar staan. Hy erken ruiterlik, hy is te bang om daaraan te raak.

Soos gewoonlik hoor hulle die nuus ‘n week later. Die Kanaänitiese bende wat die prins se gebied bedreig het is almal dood langs die rivier gevind. Die mense praat van swere en aaklige siektes. Die hele spul is dood. Ses sakke goud later. Die meester het net sy gewone skewe glimlag gegee met aanhoor van die nuus.

***

“Ag nee, twak man.” Ethan klap Amos hard op die skouer. “Jy kan tog nie sulke twak stories glo nie. Selfs al was dit waar, dit blote toeval.”

“Ek was self daar, man. Dit is nie net stories nie.”

“Het jy die Kanaäniete self gesien?” Ethan staan steunend op. Amos twyfel. “Sien jy. Net blote toeval. Die kulkunstenaars is vol van sulke donkie bollies. Dis hoe hulle julle skape rondlei aan die neus.” Hy lag en kyk rond. “Nou waar is daai steekse donkie?”

Amos kyk verlig na die donkie wat luiters in die pad af stap dorp toe. “Kom, ons moet gou maak.” Hulle klap ‘n toon agter die donkie aan.

In die dorp koop hulle twee potte met die beste wyn. Die donkie staan gedwee terwyl hulle dit vasmaak in die drasakke aan weerskante. Amos kyk bekommerd na die donkie, maar sy loop gehoorsaam saam met hulle uit die dorp.

Oor die eerste bult begin die moeilikheid. Die donkie stop asof hy in ‘n muur vasloop. Amos word onverwags betrap en hy loop vas in die donkie se agterhoede. Ethan bots opnuut weer teen Amos en hy word die tamatie in die toebroodjie.

‘Vervlakste dier!” Ethan verloor sy humeur en hy klap die donkie se kop hard. Die donkie ruk haar kop weg en Amos kan sweer die een oog kyk stip na hom vir ‘n oomblik. Hy vries en sy bloed stol. Dit voel of die tyd stil staan.

“Stop!” Hy spring voor Ethan in en stamp hom hard. Ethan struikel maar draai om en lig sy vinger dreigend. “Jammer Ethan. Maar moenie aan die donkie slaan nie.”

Ethan gluur hom aan. Amos weet hy is nie opgewasse teen die ander slaaf nie. Al is hy die hoof slaaf sal die drommel hom afslag en ‘n goeie storie verkoop aan die meester. Hy ken die soort. Regte slawe, geen werk etiek of trots nie.

Die donkie red dit situasie. Sy draai regs en loop luiters af tussen die wingerde in. Amos en Ethan gluur mekaar nog aan, maar dis hard om die donkie met die wynbottels te ignoreer. Amos spring weg en hardloop agter haar aan. Ethan kyk hulle oorbluf agterna.

Amos haal die donkie in wat weereens stil staan tussen die wingerd lanings en stip vorentoe staar. Hy stop uitasem langs die donkie. “Wat sy jy ounooi? Is dit weer die XXX. Het hy weer ‘n swaard?”

Die donkie staar en sê niks. Maar haar bene is geplant in die omgeploegde grond. Bene stokstyf.

Amos kyk hard vorentoe. Hy sien niks. Wil hy iets sien? Of is dit beter of eerder nie te sien nie. Sy laaste onderbroek moes hy weggooi. Niks sal daai ding weer skoon kry nie. “Ek sien niks. Sien jy iets?”

Die donkie bulk hard. Vir Amos klink dit gefrustreerd. Kan ‘n donkie sukkel om ‘n woord uit te kry? Dis seker sy verbeelding. Die donkie draai om en loop terug na die pad. Asof niks gebeur het nie! Amos kyk vir ‘n oomblik weer en loop dan vinnig agterna. Sy rug kriewel.

***

Die meester kyk stip na Amos. Hy kriewel ietwat, maar kry dit reg om stil te staan. Hy weet hy moet nou sy varkies bymekaar hou. Die meester krap ingedagte in sy tande met die skerp dolk. Die edelstene blink op die hef in die vuurlig.

"So, ek stuur jou dorp toe. Om vir my wyn te koop. My hoof slaaf. Die slim een." Amos knik. "Ek gee jou 'n donkie om dit te dra, en ek stuur die nuwe slaaf saam om te help." Amos knik bekommerd. "En nou, hier staan jy. Die slaaf lyk of iemand hom wou spitbraai. Jy lyk gehawend. Die donkie is skoonveld." Amos knik. Dinge lyk nie goed nie. "En belangrikste van alles. Ek het niks wyn nie." Amos kink sy kop. Dinge lyk rêrig nie goed nie.

"As jy nog een keer jou kop knik dan kap ek dit af." Die meester se selfbeheersing gly so bietjie. Amos stop sy kopknik net betyds. Amper hol hy rond soos 'n afkop hoender. Bloed wat orals spuit. Dit sal moeilik afkom van die meester se mooi kussings. Hy ril onwillekeurig. Dinge lyk nou lelik.

"Ek kan verduidelik meester. Daai nuwe slaaf. Hy is 'n regtige slegte slaaf. Hy steel. Hy beledig meester. Hy het geen trots nie." Hy huiwer, sien sy woorde maak nie 'n indruk nie.

"Regtig, meester." Sy kop werk oortyd. Hy wil homself skop. Dit help nie jy blameer ander nie, dit klink so swak. Hy het al baie slawe so sien ondergaan. Hy het 'n nuwe plan nodig.

"Ek weet dit, Amos. Ek weet alles." Die meester kyk fronsend aan. "Jy stel my teleur. En nou maak jy of ek dom is. Weet jy wie is ek? Ek weet hoe sleg daai slaaf is. Of eerder was." Die meester kom half orent, sy dolk glim in die vuur se vlamme. "Nou is dit my fout dat jy nie eenvoudige opdragte kan uitvoer nie?"

Die meester se stem begin daai klank aanneem. Die tent se flappe waai onrustig. En hier is nie eers 'n paar sakke goud nie. Amos sien hoe sy lewe voor sy oë afspeel. Dit vat nie baie tyd nie. Sy brein voel vasgevries, asof dit in diep modder probeer rondspook.

Die meester rys op soos 'n dreigende donderstorm. Hy neem 'n wankelende stap nader. Die tent flappe wapper hard rond. Die stof begin binne die tent klein warrel windjies vorm.

Buite bulk 'n donkie hard. Die meester vries. Amos sien 'n lig aan die einde van die tonnel. Die donkie bulk harder. Teenaan die tent. Die wind bedaar, die tent flappe word stil. Die sand vind hul plek teen die aarde.

Die donkie steek haar kop in by die tent flap. Sy kyk met groot oë na die meester, dan na Amos. Jy kan 'n vy hoor val in die tent. Stadig trek sy terug en haar voetstappe verdwyn in die nag.

Die meester tree terug en val sit op sy dik kussings. Sy dolk verdwyn in sy skede. "Was dit? Was dit dié donkie?" Sy stem is skor en sag.

"Ja meester. Sy het weer gestop in die pad. Wou nie beweeg nie. Ethan wou haar slaan. Soos meester gedoen het. Maar ek het hom gestop. Ek het verduidelik daar is seker 'n engel in die pad. Wat die donkie sien."

"En toe? Wat het gebeur?" Die meester lyk onnatuurlik bleek.

“Hy het kwaad geword. In die pad afgestap. En in ‘n weerlig straal verdwyn. Die donkie het die pad gevat. Die harnas het gebreek en die wyn het gebreek op die grond. Ek wag toe ‘n rukkie en haas hiernatoe om meester die waarheid te vertel.”

“Het die donkie...jy weet...het sy...weer gepraat...kon jy die engel sien?”

“Ja meester. Ek kon die engel sien. Met die swaard van vuur. En die donkie het met my gepraat. Net soos laas keer.”

“Wat het sy gesê?” Die meester klink uitasem.

“Net dat die engel oor haar waak. As iets met haar moet gebeur, dan sal hy wraak neem.” Hy dink vinnig. “En ook dat die engel na my kyk. Die vuur swaard waak nou oor die donkie en ook oor my. Net so! Dit is wat die donkie gesê het.”

Die meester sak terug in die kussings. “Luister nou mooi vir my. More gaan jy en koop nuwe wyn vir my.”

Amos knik sy kop. Dit lyk veilig om dit weer te doen.

Voor hy loop gaan die meester voort. “Daai tent agter myne. Dis nou joune. Trek daar in, kies wie saam met jou daar bly. Enige van die slavinne. En kry vir daai donkie ‘n nuwe stal. Net die beste hooi. Niks meer werk vir haar nie.”

“Dis reg so meester. Dankie meester.” Hy maak hom vinnig uit die voete.

***

Buite die tent loop hy vas in die donkie. Haar groot oë kyk reguit na hom.

Is sy besig om te glimlag? Kan ‘n donkie glimlag? Hy wag maar sy praat nie.

“Kom, ounooi. Loop saam met my.”

Sy volg hom gedwee in die donker nag.

Dinge lyk skielik rêrig goed.